

# GEMEENTE. SUPPLEMENT 11

## [KERK-OPBOUENDE BEDIENING] GOEIE PLANNE MAAK

**Inleiding.** Die Kerk/Gemeente is bowenal 'n lewende *organisme* wat bestaan uit mense in wie God se Gees woon. Hierdie gemeenskap behoort as 'n ordelike *organisasie* te funksioneer (1 Korintiërs 14:33,40). Daarom moet Christene sake soos Beplanning, Organisering, Leiding gee en Evaluering ernstig opneem.

### A. GOEIE PLANNE

#### 1. Bybelse redes om goeie planne te maak.

- Beplanning lei tot beter resultate (Spreuke 21:5)
- Beplanning lei tot beter verhoudings met ander mense (Spreuke 14:22)
- Beplanning lei tot 'n beter verhouding met God (Jesaja 30:1-2)!

#### 2. Die vereistes om goeie planne te maak.

(1) Beplanning vereis harde werk op die regte tyd.

- Lui hande maak arm, ywerige hande bring rykdom. 'n Seun wat in die somer oes, is verstandig, maar slaap hy in die oestyd, dan steek hy sy ouers in die skande (Spreuke 10:4-5; 20:4; 28:19; 30:25).
- "Moenie roem oor wat jy môre verwag nie; jy weet nie wat die dag sal oplewer nie" (Spreuke 27:1).

(2) Beplanning vereis goeie raadgevers.

- "Sonder oorwoë leiding val 'n volk; die redding lê in baie raadgevers" (Spreuke 11:14).
- "Planne misluk by gebrek aan oorleg, maar deur baie raadgevers kom iets tot stand" (Spreuke 15:22).
- "Luister na raad, aanvaar wat jou geleer word, sodat jy uiteindelik wysheid kan hê" (Spreuke 19:20).
- "Wat op goeie raad gebaseer is, laat planne slaag" (Spreuke 20:18 Nuwe Lewende Vertaling).

(3) Beplanning vereis gebed.

- "Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk" (Spreuke 16:3).
- "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word" (Matteus 7:7 AOV).
- "Julle kry nie, omdat julle nie bid nie" (Jakobus 4:2b)

(4) Beplanning vereis onderwerping aan God se soewereiniteit.

- "n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop" (Spreuke 16:9).
- "Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood" (Spreuke 16:25).
- "Al maak mense hoeveel planne, wat die Here besluit, staan vas" (Spreuke 19:21).
- "Perde kan afgerig word vir oorlog, maar dit is die Here wat die oorwinning gee" (Spreuke 21:31).

(5) Beplanning vereis prioriteite.

- "Sit eers jou werk buite aan die gang en bewerk jou lande; daarna kan jy huis bou". Doen eers jou werk op die land, (die belangrike dinge wat nie kan wag nie), bou eers daarna jou huis (die minder belangrike dinge wat wel kan wag) (Spreuke 24:27).
- "Wie wysheid het, weet wanneer en hoe hy moet handel. Elke ding het sy *tyd* en sy *manier*" (Prediker 8:5b-6a)
- "Jy moet die Here, jou God, liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Dit tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'. Geen ander gebod is groter as dié twee nie" (Markus 12:30-31).

(6) Beplanning vereis feite versamel.

- "Toe ek dit sien, het ek daarvoor nagedink en daar iets uit geleer (Spreuke 24:32).
- "Die eer van God lê in wat Hy verborge hou; konings se eer lê in wat hulle aan die lig bring" (Spreuke 25:2)
- "Sorg dat jy weet wat jou kleinvee nodig het, gee aandag aan jou veetroppe" (Spreuke 27:23).
- "Waar die wil van God nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; dit gaan goed met elkeen wat die wet van die Here (God se Woord) onderhou" (Spreuke 29:18).

(7) Beplanning vereis getrouheid.

- Wie sy vyeboom versorg, sal vye hê om te eet; wie omsien na sy werkgewer se belange, sal daarvoor eer ontvang (Spreuke 27:18).

(8) Beplanning vereis orde.

- As daar opstand is in 'n land, is daar baie wat na mag gryp; as daar iemand met wysheid en kennis is, bly hy lank aan die bewind (en dit bring orde) (Spreuke 28:2).
- "... sprinkane het nie 'n koning nie en tog trek die hele swerm in formasie" (Spreuke 30:27).

- “God is tog nie ’n God van wanorde nie, maar van orde en vrede” (1 Korintiërs 14:33).
- “Alles moet egter gepas en ordelik geskied” (1 Korintiërs 14:40).

### 3. Die inhoud van ’n goeie plan.

DATE = Doel, Aktiwiteite, Tydsindeling, Evaluering

’n Plan bestaan uit feite, ’n doel, aktiwiteite en ’n tydsindeling = ’n program) en word dikwels uitgevoer binne ’n organisasie met leiers, medewerkers, beleid, reëls, prioriteite en beperkte middele.

Hoe maak jy ’n plan?

- (1) Versamel feite. Die feite laat mens toe om die omstandighede duidelik te sien.
- (2) Stel ’n doel. Die doel sê wat jy met jou plan wil bereik. Hiervoor moet jy bepaalde besluite neem.
- (3) Bedink die aktiwiteite. Die aktiwiteite maak duidelik hoe jy die doel wil bereik.
- (4) Stel ’n tydskedule (of program) op. Dit dui aan wanneer jy die aktiwiteite wil uitvoer.
- (5) Organiseer die mense. Die organisasie sê wie vir wat verantwoordelik is.

## B. PLANNE MAAK<sup>1</sup>

### 1. Versamel feite.

Om ’n goeie doel te stel, moet jy, indien moontlik, feite op die volgende gebiede versamel:

- (1) God se leiding.

Wat sê God in die Bybel en deur sy Gees vir alle Christene orals en veral vir jou persoonlik?

*Toelighting:* Dit is belangrik om God se leiding te soek as jy planne maak. Jou planne het geen kans op sukses as dit nie inval by God se plan nie. God se plan (doel, dekreet, raadsbesluit) kan nie verydel word nie! Hy is almagtig in en oor alle gebeurtenisse (Job 42:2-3; Psalm 33:11; Spreuke 16:9; 19:21; 20:24; 21:30; Jesaja 8:10; 14:24-27; 25:1; 40:8; 46:10-11; 48:14; 55:11; Jeremia 44:9; Efesiërs 1:11; Openbaring 3:7-8).

- (2) Doel van jou gemeente/organisasie.

Wat is die doelstellings van die gemeente of organisasie waaraan jy behoort?

*Toelighting:* Jou planne moet inpas binne die visie van jou gemeente.

- (3) Vooruitgang.

Wat het jy tot nou toe reeds bereik? Watter vooruitgang het jy die afgelope jaar reeds gemaak? (1 Timoteus 4:15).

*Toelighting:* Dit is belangrik dat jou planne in lyn is met die ontwikkeling van jou eie persoonlikheid en bediening.

- (4) Lesse wat in die verlede geleer is.

Watter lesse kan jy uiteindelik leer uit jou vorige ervaring wat jy opgedoen het, insluitend suksesse, mislukkings en foute wat jy gemaak het? (Spreuke 24:32). Dink na oor die redes hiervoor.

*Toelighting:* As dit van toepassing is, pas hierdie kennis wat jy opgedoen het in jou nuwe planne toe. Dit verhoog die effektiwiteit daarvan.

- (5) Kultuur.

Wat is kenmerkende eienskappe van die (sub)kultuur waarbinne jy jou plan wil uitvoer?

*Toelighting:* Bestudeer die kenmerke van die groep mense wat jy wil bereik, soos hulle lewens- en wêreldbeskouing, geloof, bygelowe, waardes, norme en gewoontes (Deuteronomium 18:9-13; Matteus 15:1-9), sodat jou plan goed aansluit by hierdie mense se waardesisteem. Watter dinge in hulle menslike kultuur is sondig en moet daarom verander?

- (6) Behoeftes.

Wat is die bewuste en onbewuste behoeftes van die mense wat jy wil bereik, van jou medewerkers en van jouself? (Spreuke 27:23; Jeremia 12:10-11; Sagaria 10:2-3; 11:15-17; Matteus 9:36) (*Lees* Jeremia 23:1-40; Esegïel 34:1-24).

*Toelighting:* Maak ’n lys van hierdie dinge sodat jy hulle in berekening kan bring.

- (7) Moontlikhede (kansse).

Wat is die moontlikhede of die “oop deure” wat God vir jou gee? (Handelinge 14:27; 1 Korintiërs 16:9; 2 Korintiërs 2:12; Kolossense 4:3).

*Toelighting:* Vergelyk ook gedagtes oor God se leiding (Handleiding 4, les 43).

- (8) Hindernisse (probleme).

Wat is die moeilikhede, probleme, hindernisse of teenstand waarmee jy te doen kry? (Handelinge 16:6-7; 2 Korintiërs 11:28; 1 Tessalonisense 2:14,15,18).

*Toelighting:* Moeilikhede en hindernisse kan van God of van die bose af kom. Bestudeer hulle, bid daarvoor en kyk watter lig God daarop werp.

<sup>1</sup> ’n Ander manier om met besluite om te gaan, is in drie stappe:

- beeldvorming (die feite versamel en begryp)
- meningsvorming (’n oordeel vorm oor die feite)
- besluitvorming (op basis van die voorgaande twee stappe ’n keuse maak)

(9) Middele.

Watter middele het jy tot jou beskikking?

*Toelighting:* Middele is byvoorbeeld: mense (medewerkers), hulle (beskikbare) tyd en hulle toewyding (Filippense 2:19-23), plekke om die bediening uit te voer (Handelinge 19:9), materiaal, geld (Filippense 4:15-16), gebedsondersteuning (Kolossense 4:2-4).

(10) Bekwaamhede.

Wat is die bekwaamhede van jou medewerkers en van die mense, wat jy wil bereik?

*Toelighting:* Dit kan byvoorbeeld die volgende wees: hulle natuurlike talente, geestelike gawes, kapasiteit (vermoëns), sterk punte, swak punte, ervaring, geloof, ens.

(11) Kostas.

Wat is die kostas verbonde aan die saak (projek/program) (Lukas 14:28-30)?

*Toelighting:* Die kostas kan uitgedruk word in terme van tyd (2 Korintiërs 11:27), energie, selfverloëning, geld, voorbereiding van materiaal en programme, moontlike teenstand (2 Timoteus 3:12).

(12) Advies/Raad.

Watter advies/raad gee jou leiers, ander Godvresende en wyse mense, en mense wat iets soortgelyks doen of gedoen het?

*Toelighting:* Vra eers advies/raad nadat jy antwoorde gekry het op die sake wat hierbo gegee is.

## 2. Neem besluite.

(1) Vorm dinkskrumme oor idees.

- Dinkskrum-hou beteken om alle idees te versamel en te bespreek.
- Soek saam na nuwe idees, weë en metodes. Doen dit veral saam met jou medewerkers, maar ook met jou leiers (ouderlinge), raadgevers en huweliksmaat.

(2) Bespreek die moontlikhede in 'n oop omgewing.

- Bespreek die moontlikhede in 'n oop en ongedwonge atmosfeer.
- Oorweeg verskillende idees, weë en metodes.
- Luister goed na die reaksies en vrae van elkeen wat aan die bespreking deelneem.
- Probeer om mekaar se bedoelings/gedagtes te begryp.
- Dink na oor die gevolge van elke moontlike weg wat jy kan volg. Deurdink die gevolge van jou beslissings (Jesaja 47:7).
- Toets elke idee aan God se Woord! Alle beslissings en planne moet met die Bybel se riglyne ooreenstem!
- Bid goed oor elke belangrike aspek.
- Gee aan die mense wat by hierdie beslissings betrokke is (bv. jou vrou en kinders) tyd om oor die besluite na te dink, daarvoor te bid en daarop te reageer.

(3) Besluite neem.

- Neem 'n besluit sover moontlik saam met al jou spanlede en medewerkers (in die raad van ouderlinge of in die gemeentevergadering).
- Doen alles in jou vermoë om eenparig tot besluite te kom (Handelinge 15:28; 16:4). Die Christelike Gemeente is NIE 'n outokrasie waarin die voorganger (dominee, pastoor) alle besluite neem nie. Die Christelike Gemeente is ook NIE 'n demokrasie waarin die gemeentelede hulle wil en plan uitvoer d.m.v. 'n meerderheidsbeslissing nie! Die Christelike Gemeente is IS 'n Christokrasie waarin Christus sy wil en plan d.m.v. die Bybel (korrek uitgelê), die Heilige Gees en die raad van ouderlinge uitvoer!
- 'n Verstandige raad van ouderlinge sal die gemeentelede sover moontlik betrek in die besluitnemingsproses (vergelyk Handelinge 1:21-23; Handelinge 6:2-3; Handelinge 15:4,22-29; 1 Timoteus 3:14-15)! Die 'besluite' (Grieks: dogmata kekrimata) was nie besluite wat opgelê is om te gehoorsaam nie, maar besluite wat as advies dien (Handelinge 16:4). In hierdie geval was die besluite: (1) moenie dit moeilik maak vir die nie-Jode om Christene te word deur te eis dat hulle besny moes word nie, (2) vra die nie-Jode op hulle beurt om die Jode wat Christene geword het nie aanstoot te gee deur vleis te eet van diere wat verwurg is nie (vergelyk Romeine 14) en (3) vermy seksuele immoraliteit.
- Sommige besluite sal deur die groepleier alleen geneem moet word! Maar dan bly hy ook alleen daarvoor verantwoordelik.

(4) Belangrike besluite voordat die doel geformuleer word (kontrolelys).

- Bybelse motief. Wat is jou Bybelse motief vir jou plan?  
*Toelighting:* Dit kan byvoorbeeld 'n bevel of onderrig in die Bybel wees.
- Verwagting. Wat sou jy graag wil hê dat God sou doen?
- Invloed. Watter invloed of impak sou jy uiteindelik op die lewens van die betrokkenes wil hê?
- Filosofie van jou bediening. Wat is die grondbeginsels wat jou persoonlike gedrag bepaal?  
*Toelighting:* Dit is die beginsels wat jou stuur/beheer in hierdie bediening. Byvoorbeeld om dissipels, arbeiders en leiers te vermenigvuldig.

- **Strategie van jou bediening.** Wat is jou taktiek/benadering? Hoe gaan jy te werk?  
*Toeligting:* Dit is jou metode van benadering, die belangrikste stappe tot aksie, byvoorbeeld deur persoonlike kontak en kleingroepe.
- **Planne.** Wat is jou planne?  
*Toeligting:* Dit is jou doelwitte en programme (wat bestaan uit aktiwiteite en tydskedules).
- **Organisasie.** Wat is die struktuur van jou organisasie?  
*Toeligting:* Wie is verantwoording aan wie, vir wie en vir wat verskuldig?
- **Verhouding.** Wat is jou verhouding tot ander groepe mense in die gemeente en tot ander gemeentes?  
*Toeligting:* Bepaal wat is die plek vir jou plan en die uitvoering daarvan binne jou gemeente of christelike organisasie.
- **Styl.** Wat is die styl, toon en snelheid van jou bediening?  
*Toeligting:* Dink na oor wat by jou persoonlike manier van lei/leiding gee, pas.

As jy oor hierdie bostaande sake besluite geneem het, kan jy jou doelwitte begin (om)skryf.

### 3. Stel doelwitte.

(1) Belangrike kenmerke van 'n doel (kontrolelys).

- **God se roeping en uitdaging.** Wat wil God hê dat jy moet doen? Waaraan wil God hê dat jy jou lewe wy? (Jesaja 30:1-2).  
*Toeligting:* 'n Goeie doelstelling/doelwit gee God se roeping en uitdaging weer.
- **God se bevel en onderrig.** Wat is die belangrike bevel en onderrig m.b.t. hierdie doel in die Bybel? (Lukas 10:25-28)  
*Toeligting:* 'n Goeie doelstelling/doelwit gee God se bevel en onderrig weer.
- **God se Koninkryk, Gemeente en jou naaste.** Wat is die doelwitte van die gemeente of organisasie waaraan jy behoort?  
*Toeligting:* 'n Goeie doelwit gee die belange van God se Koninkryk, die Gemeente en jou naaste weer.

(2) Funksies van duidelike doelwitte.

Die formulering van jou doelwit behoort die volgende te reflekteer:

- **Motiverend.** Die doelwit vertel vir elkeen waarom hy betrokke is.
- **Selektering.** Die doelwit oortuig iemand om hom toe te wy en betrokke te raak.
- **Doeltreffend.** Die doelwit voorkom 'n verkwisting van middele (mense, geld en tyd) en voorkom dat jy op 'n syspoor beland en dan tyd en middele verspil op onbelangrike sake.
- **Meetbaar.** Die doelwit vorm die basis vir evaluering en beheer. Daarom moet die doelwit duidelik geformuleer word in terme van resultate wat realisties is (wat bereik kan word) en meetbaar is (wat beoordeel kan word)

(3) Formuleer doelwitte met die volgende kenmerke.

'n Goeie doelwit formuleer jy:

- **Kort,** sodat dit maklik onthou kan word
- **Duidelik,** sodat dit maklik meegedeel of verduidelik kan word
- **Realisties,** sodat dit goed uitgevoer (bereik) kan word en jy nie tyd en middele vermors nie.
- **Spesifiek,** meetbaar, sodat jy kan 'kontroleer' of jy jou doelwit bereik het. Elkeen bly dan op die korrekte pad, dwaal nie daarvan af nie en verspil nie tyd aan onbelangrike sake nie.
- **Oop.** Dit beskryf die resultate en nie die aktiwiteite nie (begin jou omskrywing met die woorde: "Ek het.....".)
- **Motiverend,** sodat dit mense in beweging sit en die betrokkenes duidelik weet waarom hulle dit doen.
- **Uitdagend,** sodat dit geloof en ontwikkeling stimuleer.

### 4. Skryf planne neer.

(1) Formuleer die doelwit.

(2) Bedink die aktiwiteite.

Noudat jy jou doelwit vasgestel het, kan jy konkreet invul watter aktiwiteite jy wil opsit.

Wat wil jy presies gaan doen? Hoe wil jy dit gaan doen? Die aktiwiteite beskryf hoe jy jou doelwit wil bereik.

(3) Stel die tydskedule (program) op.

Stel daarna die tydskedule of program op. Dit beskryf: Wanneer doen jy wat. Dit toon die datum, die dag van die week en die uur van die dag waarop jy die aktiwiteite wil uitvoer.

(4) Organiseer die mense. Skryf laastens taakomsrywings of oorsigte van die verantwoordelikhede van elke betrokke persoon, sodat elkeen presies weet vir wat, vir wie en aan wie hy verantwoordelik is.

(5) Voer 'n finale kontrole uit. Voordat jy regtig aktief met die saak begin, sou jy aan jouself vir kontrole nog die volgende vrae kon stel om finaal te kontroleer of alles reg is:

- Hoe kan Christus 'n nog meer 'n sentrale plek in alles kry?
- Het ek ander mense geraadpleeg (Spreek 15:22; 24:6)?
- Het ek die beskikbare middele op die bes moontlike manier in die moontlikhede ingesit?
- Het ek alle moontlike alternatiewe oorweeg?

- Het ek (saam met my assistent) gebid oor elke punt in die plan (Spreek 16:3), vir die teikengroep (Kolossense 4:2-4) en vir die groeplede (Kolossense 1:9-12)?
- Het God my plan bevestig (Jesaja 30:1-2; 2 Korintiërs 10:18; Handeling 15:28)?

### C. PLANNE UITVOER

#### 1. Wanneer jy 'n plan uitgevoer het.

Beplanning is om jou middele in jou geleentehede in te sit waarmee jy jou spesifieke doelwit bereik.

'n Plan word uitgevoer d.m.v. organisasie, leiding gee en evaluering.

POLE = Plan (Beplanning), Organiseer, Leiding gee, Evaluering

(1) Plan (Beplanning).

Jy het beplan wanneer (gebaseer op die feite m.b.t. jou konteks) daar 'n duidelik geformuleerde doel is en 'n program wat die doel kan bereik ('n doelwit en tydskedule).

(2) Organiseer.

Jy het georganiseer wanneer elkeen weet vir wat, vir wie en aan wie hy verantwoordelik is.

(3) Leiding gee.

Jy het gelei wanneer jy die juiste besluite/beslissings vroeg genoeg geneem het en daarop toegesien het dat dit uitgevoer word. Duidelike kommunikasie is 'n wesentlike onderdeel van leiding gee.

(4) Evalueer.

Jy het geëvalueer wanneer jy die resultaat (d.w.s. wat jy gedoen het) vergelyk het met wat jy moes doen (d.w.s. met wat jy beplan het om te doen), en die verskil tussen die twee geanaliseer het.

#### 2 'n Voorbeeld van 'n jaarplan om dissipels te maak.

DOELWITTE	AKTIWITEITE	TYDSKEDULE
Ek het 'n groep van 5 Christene gehelp om dissipels van Jesus Christus te word.	Kreatiewe dissipelskap dissiplines oordra deur onderrig en oefening uit 4 dissipelskap handleidings van DOTA.	48 weeklikse byeenkomste en lesse hierdie jaar. Elke les is ongeveer 2 tot 3 uur lank.
Ek het die praktiese toepassing van God se Woord en lewensverandering gestimuleer.	Gereelde persoonlike ontmoetings met 'n aantal groeplede.	Wanneer dit aangevra word, maar minstens eenmaal per maand.
Ek het 'n gemeenskap van volgelinge van Jesus opgebou.	12 byeenkomste met die klein-groep of huisgemeente.	12 maandelikse byeenkomste in die middel van elke maand.

#### 3. 'n Voorbeeld van 'n plan vir 'n byeenkoms met les 3 uit handleiding 1.

DOELWITTE	AKTIWITEITE	TYDSKEDULE
Ons het God saam aanbid.	Kenmerk van God: God is groot en magtig.	20 minute.
Ons het één stiltetyd van die afgelope week met mekaar gedeel.	Matteus 8:1 – 11:24	20 minute.
Ek het één nuwe dissipelskap dissipline onderrig.	Begrippe in die evangelie.	70 minute.
Ons het saam gebid.	Gebed in reaksie op God se Woord.	8 minute.
Ek het 'n opdrag vir die volgende byeenkoms uitgedeel.	'n Geskrewe opdrag vir les 4.	2 minute

#### 4. 'n Voorbeeld van 'n plan vir 'n byeenkoms met les 4 uit handleiding 1.

DOELWITTE	AKTIWITEITE	TYDSKEDULE
Ons het één stiltetyd van die afgelope week met mekaar gedeel.	Matteus 11:25 – 14:36	20 minute.
Ons het 'n nuwe Bybelvers oordink en uit die kop geleer.	Sekerheid van verhoorde gebed. Johannes 16:24	20 minute.

Ons het Bybelstudie saam met mekaar gedoen.	Die vyf stappe-metode: “Waar kom ek vandaan?” Genesis 1:1 – 2:4a	70 minute.
Ons het saam gebid.	Voorbidding vir mekaar.	8 minute.
Ek het ’n opdrag vir die volgende byeenkoms uitgedeel.	’n Geskrewe opdrag vir les 5.	2 minute

#### 5. Kontrolelys.

- Het ek ander vir advies gevra (bv. jou assistent)(Spreuke 15:22; 24:6)?
- Het ek die plan saam met my assistent gemaak, iemand wat ek as ’n nuwe groepleier oplei?
- Het God my plan bevestig (Jesaja 30:1-2; 2 Korintiërs 10:18; Handeling 15:28)?
- Het ek nagedink oor alternatiewe?
- Het ek my beskikbare middele op die beste manier ingespan in my geleentheid?

#### 6. Doen lys.

- Berei die aktiwiteite vir die volgende les goed voor, en uiteindelik saam met jou assistent.
- Versamel die materiaal wat nodig is vir die les, wat die geskrewe opdragte vir die volgende les insluit.
- Organiseer die tafel en stoele, lig en temperatuur, bord, pen en borduitveër, liedereboeke, ekstra Bybels, pen en papier, iets om te drink (of deleger hierdie verantwoordelikhede aan jou assistent).
- Bid en wy jouself en die ander mense en julle byeenkoms toe aan die Here (Spreuke 16:3). Bid gereeld vir elkeen in jou groep. Bid saam met jou assistent. Bid bv. Kolossense 1:9-12 vir hulle.